# menlo-insig

23/2023

## LIEWE MENLO

Dit is altyd 'n fees om 'n Parkie te wees, maar een maal per jaar word Parkie-wees behoorlik met die Menlofees gevier.

Die feestelikheid het reeds vroeg verlede week onder die Menlovaria-vaandel afgeskop. Hier het die viering en vermenging van dans-, drama-, sang-, musiek-, skryf-, praat-, kook- en baktalent vir 'n kaleidoskoop van heerlike samesyn en luilekker vermaak gesorg.

Saterdag het die Menlo-bodem sy skoene uitgeskop om 'n welverdiende blaaskans saam met die feesgangers te neem. Menlo se kenmerkende blou en wit is deur 'n palet van kleur en klank aangevul en die boodskap wat deur die strate geëggo het, was eenvoudig: "Die Menlofees is die enigste plek waar jy vandag wil wees."

Skuins voor sononder het die graad 11-dogters gewys dat daar geen perke aan Parkie-kreatiwiteit is nie en dat jy ook met 'n rokkie uit rommel soos 'n prinses op die loopplank kan draai. Selfs die sportveld het 'n nuwe baadjie vir die geleentheid gedra, want mededinging is vir gemoedelikheid verruil, terwyl die gehoor hulle ore gewillig aan die gaskunstenaars uitgeleen het. Die Menlofees is 'n produk van maande se beplanning en spanwerk deur ons begeesterde feeskomitee onder leiding van me. Priscilla Marais. Hierdie formidabele span het verseker dat die fees van 2023 nie gou vergeet sal word nie. Baie dankie aan almal wat die fees ondersteun het en 'n bydrae tot die sukses daarvan gelewer het.

Ons maak gou weer so!



## MENLO MA'S WAT OMGEE

Ouers word daaraan herinner dat die weeklikse gebedsbyeenkoms op Donderdae tussen 07:30 en 08:30 in die koshuis se sitkamer plaasvind. Kontak gerus 082 579 4968 indien u saam wil bid.

**Joh. 11:25-26**

Toe sê Jesus vir haar: "Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook; en elkeen wat lewe en in My glo, sal in alle ewigheid nooit sterwe nie. Glo jy dit?"

## DAGBOEK

**8/9** Rugby: 7's (Montana)

**9/9** Menlobondfees (A-rugbyveld en Klubhuis)
Fietsry: Noord-Suid-Skoleuitdaging
Landloop: ASA-kampioenskap
Netbal: Gauteng Fast5

**11/9** Muurbal: MMA-kampioenskap tot 14/9

**12/9** Atletiek: Blizbyeenkoms (Noordheuwel)

## MENLO PERSONEEL

### A staan vir Akademie



Dit is gewoonlik die leerders wat aan die ontvangkant van akademiese erkenning staan, maar die skool spog vandeesweek met me. Anouk de Klerk. Hierdie voorslag-onderwyseres het onlangs haar meestersgraad in English Literature behaal. Die onderwerp van die tesis wat hierdie gesogte kwalifikasie aan me. De Klerk besorg het, is: Complexities of the feminine voice in J. M. Coetzee's In the Heart of the Country, Foe, and Age of Iron. Die skool is trots om hierdie literêre ghoeroe 'n Parkie te noem.



### ... en vir Administrasie

Die Parkieraad het die skool se administratiewe A-span vandeesweek met heerlike innerlike versterkings bederf om hulle vir hulle agter-die-skerms-bydrae tot die skool se sukses te bedank. Die Insig kan met gesag beaam dat kafeïen en sjokolade net lekkerder is as dit by die skool geniet word. Dit voorsien boonop die nodige energie om hierdie belangrike take met 'n huppel in die stap af te handel.




| OPENBARE VAKANSIEDAE 2024 | |
|---|---|
| 1 Januarie | Nuwejaarsdag |
| 21 Maart | Menseregtedag |
| 29 Maart | Goeie Vrydag |
| 1 April | Gesinsdag |
| 27 April | Vryheidsdag |
| 1 Mei | Werkersdag |
| 16 Junie | Jeugdag |
| 17 Junie | Openbare vakansiedag |
| 9 Augustus | Nasionale Vrouedag |
| 24 September | Erfenisdag |
| 16 Desember | Versoeningsdag |
| 25 Desember | Kersdag |
| 26 Desember | Welwillendheidsdag |

| KWARTAAL | DUUR | AANTAL WEKE | AANTAL DAE | OPENBARE VAKANSIEDAE | AANTAL SKOOLDAE |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | (15) 17 Januarie - 20 Maart | 10 | 46 (48) | 0 | 46 (48) |
| 2 | 3 April - 14 Junie | 11 | 53 | 1+0 | 52 |
| 3 | 9 Julie - 20 September | 11 | 54 | 1+0 | 53 |
| 4 | 1 Oktober - 11 (13) Desember | 11 | 52 (54) | 0 | 52 (54) |
| | Totaal | 43 | 205 (209) | 2+0 | 203 (207) |








# ALGEMEEN

## Vanwykshout kry staanplek op Menlo-bodem

Alhoewel elke Parkie trots op sy/haar blou wortels is, steek ons graag ons groen vingers uit om Nasionale Boomplantdag te vier. Bome is 'n simbool van die Parkie-karakter, want nes bome streef die Parkies die hoogste na terwyl hulle wortels stewig in moederaarde geanker is.

Die boom van 2023 wat ons vanjaar aan ons inheemse wortels en groeipotensiaal herinner, is die Vanwykshout: 'n statige plant wat tot 18 m rank. In die lente verras die Vanwykshout ons met bloupers blomme – net die regte doepa om die laaste wintervaal te verdryf.

Boomplantdag het vanjaar met 'n vasvra oor bome afgeskop en Luke du Plessis is as Menlo se onbetwiste boomkoning gekroon. Sy wye kennis het aan hom die voorreg besorg om saam met die 14 Van Wyks wat reeds op Menlo-bodem wortelgeskiet het, aan die boomplantseremonie deel te neem waar twee Vanwykshoute tussen die amfiteater en die H-blok geplant is.

Die Insig bedank graag die Parkieraad se geboue- en terreinkomitee onder voorsitterskap van Lize Booysen en die akademiese komitee o.l.v. Lelize van der Walt vir hulle inisiatief.


# KUNS


## Parkies maak skoonskip by kunsfees


Baie geluk aan Menlo se kunstenaars wat uitstekend by Brooklyn se Kinnerkunsfees gevaar het.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Gr 8 en 9** | Kleur/Skilder | 1ste | Jemima Kruger | 2de | Luka Smit |
| **Gr 10 en 11** | Grafies/Teken | 1ste | Gerbrandt Botha | | |
| | Kleur/Skilder | 1ste | Karmen van Greunen | 2de | Kayden Loedolf |
| **Gr 12** | Grafies/Teken | 1ste | Marike Bosch | 2de | Bernu Pieters |
| | Kleur/Skilder | 1ste | Rouxlé Nel | 2de | Stephen le Roux |
| | Algehele wenner | Rouxlé Nel | | | |













# HOKKIE

## Menlo verwelkom oud-Parkie terug op Menlo-bodem

Me. Melinda Vos du Toit keer op 1 Januarie na die blou astro terug. Alhoewel me. Vos du Toit haarself al vir dekades 'n Pretorianer noem, is sy in Kimberley getoë. Sy is 'n produk van Hoërskool Diamantveld en noem die Noordwes-Universiteit haar alma mater. Haar ryk hokkieloopbaan het al 'n draai deur Menlopark gemaak waarna sy haar kennis by verskeie ander opleidingsinstansies gedeel het.


Me. Vos du Toit is 'n volbloed hokkiespeler met talle wedstryde vir die Proteas op haar kerfstok. Sy is al vir 'n geruime tyd by Northerns-hokkie betrokke waar sy haar ervaring aanwend om die spel op skoolvlak te bevorder.


Die Hoërskool Menlopark is in die bevoorregte posisie om hierdie passievolle hokkiespesialis amptelik van 1 Januarie 2024 op Menlo-bodem terug te verwelkom. Me. Vos du Toit gaan egter nou al sekermaak dat die Menlo-strukture vir seuns- en dogtershokkie gereed is wanneer die nuwe jaar afskop. Menlo-hokkie sien saam met me. Vos du Toit na hierdie opwindende nuwe hoofstuk in die skool se verhaal uit.


Welkom terug op Menlo-bodem!



# KULTUUR









## Menlo-dansers is pure goud

Die Insig voorspel dat die Blou Teater-dansers se optrede by die Noorderkruin Kunstefees nie gou vergeet sal word nie. Daar word trouens vermoed dat dié optrede vir *jarre* in die toekoms 'n gesprekspunt sal wees. Die groep het nie een of twee nie, maar ses goue toekennings opgeraap. Hartlik geluk aan Menlo se dansspan onder leiding van me. Elana Heyns, Die volgende Parkies is pure goud:

Nadine Roux, Selmé Beetge, Zantè van der Hoven, Mandi van den Bergh en Zané Cox vir hulle Jazzgroep (Pokerface) en Kontemporêre groep (Pale Yellow).

Liané de Bruin en Mieke Verwaard vir hulle Open Duet (Move on up).

Liané de Bruin, Mieke Verwaard en Gift Ngoepe vir hulle Kontemporêre Trio (Intro).

Katelyn Hildebrand en Logan Kruger vir hulle Kontemporêre Duet (Song of the Sea).

Jennifer Barnard (Kontemporêre Solo) en Gift Ngoepe (Open Solo).

Mandi van den Bergh neem op haar beurt aan die Show your Talent-kompetisie in die Hip Hop-styl deel. Sy ontvang 'n goue medalje en kwalifiseer om Suid-Afrika oorsee te verteenwoordig.

# KRIEKET







## Menlo-krieket dis lopiefees op

Dit is nie net die Menlofees wat in September plaasvind nie, maar ook die Menlo-lopiefees. Dit wil voorkom asof die mengsel van stuifmeel, talent en adrenalien die perfekte Menlo-kolfomstandighede skep, want nege wedstryde het ses vyftigtalle en drie honderdtalle opgelewer. 'n Mens kan nie ons kolwers se goeie vertonings aan die blad toeskryf nie, want die opponente kon ons kolwers nie nadoen nie. Menlo se boulers het die opponente met puik boulwerk gepeper om die pendulum in Menlo se guns te swaai. Baie geluk aan die spelers en afrigters met uitstekende syfers.

### Menlopark o. 14 A teen Pretoria Boys High o. 14 A

| | |
|---|---|
| Menlo | 147 almal uit (Juan Lombaard 30, Corrie Botha 22, Jordan van Eck 20) |
| Boys High | 121 almal uit (Ben Schomper 3/29, Heinrich Claassen 2/13) |

Menlo wen met 26 lopies.

### Menlopark o. 14 B teen Garsfontein o. 14 B

| | |
|---|---|
| Menlo | 135/2 (Jean Beneke 39*, Sebastian du Toit 31*) |
| Garsfontein | 139/6 (Sebastian du Toit 2/33) |

Garsfontein wen met 4 paaltjies.

### Menlopark 5de XI teen Willowridge 2de XI

| | |
|---|---|
| Menlo | 155/2 (Jan Lourens 68, Nieuwoudt Slabbert 42) |
| Willowridge | 34/6 (Jan Lourens 3/5) |

Menlo wen met 121 lopies.

### Menlopark 3de XI teen Midstream 2de XI

| | |
|---|---|
| Midstream | 287/8 (Zander van der Mescht 2/46, Adriaan van der Westhuizen 2/38) |
| Menlo | 291/6 (Owen Louwies 106, Juan Lombaard 65, Zander van der Mescht 51) |

Menlo wen met 4 paaltjies.

### Menlopark o. 14 C teen Montana o. 14 B

| | |
|---|---|
| Montana | 134/5 |
| Menlo | 132/9 (Robert Wilson 41) |

Montana wen met 2 lopies.

### Menlopark 2de XI teen Pretoria Boys High 2de XI

| | |
|---|---|
| Menlo | 261/6 (Wian van Deventer 56, Jan-Willem Pienaar 45, JN van Wyk 45*) |
| Boys High | 175 almal uit (Murray Hofmeyr 3/28, James Bronkhorst 5/46) |

Menlo wen met 86 lopies.

### Menlopark 1ste XI teen Pretoria Boys High 1ste XI

| | |
|---|---|
| Menlo | 247/6 (Steve Stolk 109*, Ewald Meyer 50) |
| Boys High | 144 almal uit (Tiaan Serfontein 2/8, Ewald Meyer 2/14) |

Menlo wen met 103 lopies.

### Menlopark 5de XI teen Affies 5de XI

| | |
|---|---|
| Affies | 179 almal uit (Salman de Villiers 2/33) |
| Menlo | 180/2 (Nieuwoudt Slabbert 100*) |


Menlo wen met 8 paaltjies.

### Menlopark 6de XI teen Maragon 2de XI

| | |
|---|---|
| Maragon | 164/6 (Leskin Samuels 2/24) |
| Menlo | 165/6 (Mattheus Prinsloo 96, Leskin Samuels 22) |

Menlo wen met 4 paaltjies.

# GHOLF



## Indrukwekkende diepte intimideer

Dieper as Menlo se swembad. Sterker as die amfi se sement en meer akkuraat as die voorspellings oor wie die Wêreldbeker gaan wen. Dit is Menlo-gholf. Baie geluk aan die spelers en afrigters wat verlede week so byna skoonskip gemaak het in die ligawedstryde. Menlo se gholfdiepte is merkwaardig; kyk gerus na Menlo 11 se telling teen Hoërskool Centurion se nr. 1-span. Welgedaan, Menlo!


Hier volg die uitslae:

**B-afdeling**

| | |
|---|---|
| Menlo 3 vs. Montana 1 | 38-38 |

**C-afdeling**

| | |
|---|---|
| Menlo 8 vs. PBHS 5 | 42-23 |
| Menlo 10 vs. Sutherland 1 | 28-47 |
| Menlo 11 vs. Centurion 1 | 53-38 |



# MUURBAL

## Oud-Menlo-muurbalster weer op Menlo-bodem

Muurbal op Menlo-bodem is 'n ernstige saak. Dit is waarskynlik een van die redes waarom die skool in die verlede al verskeie nasionale spelers opgelewer het. Jean-Pierre Brits (2009) is so 'n speler en dit was 'n voorreg om hom verlede week by die skool te verwelkom. Hierdie oud-Menloparker se muurbal-CV is byna so lank soos 'n raket: Hy is die huidige SA muurbalkaptein én spog met 'n brons medalje wat hy by die Wêreldkampioenskap (dubbelspel) verower het.

Die rede waarom die talentvolle muurbalster sy alma mater besoek het, was om die trofeë aan die wenners van Menlo se Graad 8-muurbalkampioenskap te oorhandig.

Baie geluk aan Dinique Booyens wat die Alexa Pienaar-wisseltrofee ontvang het en Joseph Myers wat die Jean-Pierre Brits-trofee in ontvangs geneem het.



# FIETSRY

## Vreesloos, fiks & verstommend vinnig

Die vertoning wat vanjaar deur Menlo se fietsryers gelewer word, kan met geen ander woorde as *tour de force* beskryf word nie. Week na week daag die span *en masse* op om die vyand te verslaan – die mededingers mag selfs voel dat hulle in sirkels ry, so baie Menlo-truie is op die roete in omloop. Ons jaers het hulle nie deur die tegniese aard van die Boys High-baan laat flous nie en die Insig kan bevestig dat geen nerfaf knie of seer skouer onlangs op die stoepe gewaar is nie.

Baie geluk aan elkeen van Menlo se 88 jaers wat 'n aandeel aan Menlo se 2023-kragtoer het.

Die volgende leerders het top-10-plekke by die Boys High-wedren behaal:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Arielle Behr | 1ste | Josh vd Merwe | 5de |
| Ruben van Biljon | 7de | Jeanri Richter | 10de |
| Reghardt van Biljon | 8ste | Ghian Muller | 9de |
| Madison Coombe | 4de | Danika Lourens | 9de |







# RUGBY EN NETBAL

## Blitsspanne lewer kookwaterspel

Menlo se ratsrugby- en blitsnetbalspanne was die afgelope tyd in aksie. Daar is min van hulle gesien, want die spoed waarteen hulle punte aanteken, is eenvoudig te vinnig om te dokumenteer.

Die spanne het vandeesweek eindelik lank genoeg stilgestaan dat die Insig hulle uitslae kon neerskryf en deel dit graag.

### Ratsrugby (Suthies-toernooi)

| | | |
|---|---|---|
| O. 15 | Derde | Dylan Stumke is as Speler van die Wedstryd aangewys. |
| O. 17 | Vyfde | Ruben Fourie is as Speler van die Wedstryd aangewys. |

Sterkte vir die volgende ronde van die toernooi wat eerskomende naweek by Hoërskool Montana aangebied word.






### Fast5-netbal

Die blitsnetbalspanne het op hulle beurt daarin geslaag om die opponente met spoed en puik spel te troef. Vier spanne is vir hierdie opwindende liga ingeskryf en al vier spanne neem eerskomende naweek aan die Gauteng-kampioenskap by Hoërskool Florida deel.

Baie geluk aan die sewes- en Fast5-spanne én hulle afrigters. #MenloKook







# SPOG

## Slaggereed om lewens te red

Kanada is 'n interessante keuse as gasheer vir die Statebond se lewensreddingkampioenskap, aangesien die ysige temperature 'n mens eerder na sop as die see sal dryf. Die ergste koue het gelukkig nog nie daar gearriveer nie en sal die swemmers die see in matige temperatuur aandurf wanneer hulle vir die Statebondspele aantree. Antonie Pieterse (graad 12) is slaggereed om sy lewensreddingsvaardighede op die proef te stel wanneer hy volgende week vir die volgende items aantree: Tow & Tube, 100 m-Manikin en die 100 m-medley-aflos. Die skool wens hom sterkte toe en sien daarna uit om nuus oor hierdie Kanadese ervaring te ontvang.

# Dis 'n fees om 'n oud-Menloparker te wees!

Die Insig het vandeesweek 'n paar nuusberigte uit die Menlobondkantoor ontvang. Lekker lees!

## Parkies van ses dekades vier amfi

Dit was 'n voorreg om heelparty van die matrieks van 1973, 1983, 1993, 2003 en 2013 onlangs by die skool te verwelkom om met die imposante amfiteater te spog. Oud-Parkie en Wiskunde-onderwyseres, me. Ester Cloete ('83), het die opening waargeneem waarna 'n naweek van feesvieringe gewag het. Daar was gelukkig tyd om ou herinneringe tydens 'n skooltoer, waar mnr. Nico Erasmus en me. Hannaliza Fechter as toergidse opgetree het, te herleef.

## Reüniefees. Smulfees. Kuierfees.

Wat kry 'n mens as jy 230 oud-Parkies, fantastiese musiek en 'n smullekker feesmaal bymekaarsit? 'n GROOT fees! Die aand het met 'n verwelkomingdrankie in die amfiteater afgeskop. Daarna het ons oud-Parkies tot in die vroeë oggendure gesels, gesmul en gelag! Dit was heerlik om ons oud-Parkies se reünies saam met hulle te kon geniet.

## Oud-Parkies dek agterhoede

Menlo se interskole fietswedren tussen Die Hoërskool Menlopark, Hoërskool Waterkloof en Hoërskool Garsfontein is onlangs by Grootfontein aangebied.

Twee oud-Menlo-fietsryers, Lenka Labuschagne ('20) en Lané van Wyk ('22) het in Menlobondkleure as *sweepers* agternagery en die agterhoede gedek.

Onthou gerus dat Menlobond-fietsrytruie by die Menlobondkantoor beskikbaar is.












# Menlovaria
## Wennerskonsert

**14 September 2023** *18:00 - 21:00*
**AFRIFORUM TEATER**



**Bespreek by www.afriforumteater.co.za**
- R150 per persoon
- Restaurant beskikbaar
- Hou die spasie dop vir wanneer kaartjieverkope open.

# VAKATURE

## Akademie: Buitemuurs

### Ontwerp (Agtste vak)
### Gr. 10 - 12

**Vereistes**
Opleiding in Ontwerp as vakgebied en ervaring in die onderrig van Ontwerp is 'n vereiste.
Verdere vereistes sluit 'n toepaslike onderwyskwalifikasie, asook SACE-registrasie in.



MENLO Akademie

Stuur 'n volledige CV na
nico.erasmus@menlopark.co.za

**Sluitingsdatum vir aansoeke: 10 Oktober 2023**
*Aanvangsdatum: 1 Januarie 2024*

menlopark.co.za AbsolutMenlo

## Akademiehoof: Rugby

Aanvangsdatum: **November 2023**

Die geskikte kandidate moet aan die volgende minimum vereistes voldoen:

- Uitnemende bestuurs- en organisatoriese vaardighede.
- Bewese ervaring in 'n leierskapsposisie.
- Bewese sukses as afrigter (met minstens vyf jaar ondervinding).
- Finansiële en administratiewe vaardighede.
- Goeie menseverhoudings en uitstekende kommunikasievaardighede.
- Ervaring in opvoedings- of skoolomgewing is 'n voorvereiste.
- Ondervinding in die bevordering van spelerontwikkeling.



MENLO Rugby

Stuur 'n volledige CV na
hoof@menlopark.co.za

Sluitingsdatum vir aansoeke: **29 September 2023**
**Word deel van die Menlo-ritme en die Menlo-lewe!**

menlopark.co.za AbsolutMenlo

# VAKATURE

## Onderwyspos (BL)

### Geografie
### Gr. 10 - 12

**Vereistes**

Opleiding in Geografie as vakgebied en ervaring in die onderrig van Geografie is 'n vereiste.
Verdere vereistes sluit 'n toepaslike onderwyskwalifikasie, asook SACE-registrasie in.



DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS

MENLO
Akademie

Stuur 'n volledige CV na
hoof@menlopark.co.za

**Sluitingsdatum vir aansoeke: 8 September 2023**
*Aanvangsdatum: 1 Januarie 2024*

menlopark.co.za | AbsolutMenlo

# VAKATURE

## Laboratorium-assistent (BL)

### Lewens- en Fisiese Wetenskappe

**Pligte**

Aankoop en bestuur van voorraad vir Lewens- en Fisiese Wetenskappe.
Beplanning en opstel van eksperimente.



DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS

MENLO
Akademie

Stuur 'n volledige CV na
hoof@menlopark.co.za

**Sluitingsdatum vir aansoeke: 8 September 2023**
*Aanvangsdatum: 1 Januarie 2024*

menlopark.co.za | AbsolutMenlo

# VAKATURE

## Onderwyspos (BL)

### RTT / IT (Gr. 10-12)
### 4iR-verryking (Gr. 8-9)

**Vereistes**

Opleiding in RTT/IT as vakgebied en ervaring in die onderrig van RTT/IT is 'n vereiste.
Verdere vereistes sluit 'n toepaslike onderwyskwalifikasie, asook SACE-registrasie in.



DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS

MENLO
Akademie

Stuur 'n volledige CV na
hoof@menlopark.co.za

**Sluitingsdatum vir aansoeke: 8 September 2023**
*Aanvangsdatum: 1 Januarie 2024*

menlopark.co.za | AbsolutMenlo

# VAKATURE

## Onderwyspos (BL)

### Toerisme / Lewensorientering
### Gr. 8 - 12

**Vereistes**

Opleiding in Toerisme/Lewensorientering as vakgebied en ervaring in die onderrig van Toerisme/Lewensorientering is 'n vereiste.
Verdere vereistes sluit 'n toepaslike onderwyskwalifikasie, asook SACE-registrasie in.



DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS

MENLO
Akademie

Stuur 'n volledige CV na
hoof@menlopark.co.za

**Sluitingsdatum vir aansoeke: 8 September 2023**
*Aanvangsdatum: 1 Januarie 2024*

menlopark.co.za | AbsolutMenlo


DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
Klerebank vir skoolklere met karakter
Me. Lize Preston
(lize.preston@menlopark.co.za)
Klerebank vir sportklere met karakter
Me. Estelle Velloen
(estelle.velloen@menlopark.co.za)


DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
MENLO-KLEREWINKEL
Menlo-sportklere
en -sweetpakke
• Maandae, Woensdae & Vrydae: 07:00 - 08:00
• Dinsdae & Donderdae: 13:30 - 14:30
Mnr. Tinus Vermaak
082 322 6081


DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
Bemarkingskantoor
Menlo-T-hemp R130
Menlo-hoed R60
Menlo-pawiljoenkussinkies R80


DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
MENLO-
WISKUNDEKLASSE
14:10 – 15:10
Graad 8 Maandae
Graad 9 Dinsdae
Graad 10 Woensdae
Graad 11 & 12 Donderdae


FOTOMUUR #MENLO60
1. Neem jou beste #Menlo60 foto waar die feestema duidelik uitgebeeld word.
2. Laai die foto's (maksimum 5) na 'n lêer op jou Google Drive.
3. E-pos die 'link' asook jou naam, van, graad en klas na menlo60@menlopark.co.za.
SOKKIES-VIR-SESTIG
• Geblikte sokkies: R170
• Beskikbaar: Finansiële kantoor.
FEESJAARKOFFIEBEKERS
• Veilig vir die skottelgoedwasser: R50
• Beskikbaar: Finansiële kantoor.
DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
VIER 60 SAAM!

# MARKPLEIN


TOYOTA
LEAD THE WAY
NMi TOYOTA MENLYN
Legendary deal
HILUX DOUBLE CAB, LEGEND 4X4 RS AUTO
ONLY R899 900
Colette Nel
New car Sales Executive
012 821 4252
Limited offer | Terms and Conditions apply


RAW
TALENT
AMPLIFIED
APPLY NOW
FOR 2024
CONTACT
DEAN BROWN
PRETORIA CAMPUS
012 993 0071
Capsicum
CULINARY STUDIO
CELEBRATING 20 YEARS OF
CULINARY EXCELLENCE


TOYOTA
LEAD THE WAY
NMi MENLYN
Vitz special ONLY R169 000
SAVE 20K
VITZ
Colette Nel
New Car Sales Executive
082 821 4252
Limited offer | Terms and Conditions apply


NGUNI
MOON
VLEISVERWERKING
PIET
JANSE VAN RENSBURG
082 948 2839
ngunimoon2019@gmail.com
@ngunimoon
144 Caribaea Str, Lynnwoodrif


KRAZEEE
party supplies
Carin Janse van Rensburg
krazeeeparties@gmail.com
084 581 4341
144 Caribaeastraat, Lynnwoodrif



**Huis te koop: Menlopark**

Skakel: 083 793 2555

Drie slaapkamers / Drie badkamers / Woonstel




**Bestel jou Springboktrui vandag!**

**Nicolene: 061 581 1926**

**R220 / Aflewering: R50 / S - 3XL**







